Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument 35 jaar 1975-2010

## Die Afrikaanse Taalmonument

## Bepalings en voorwaardes

(soos op 21 Desember 2011, onderhewig aan verandering)

Baie welkom by die Taalmonument. Ons vertrou dat u u besoek sal geniet.
Ons wil graag die volgende bepalings en voorwaardes onder u aandag bring:

**Toegang:**

1. **Toegangsgelde/stap-/fietsrypermitte** moet by Ontvangs betaal word. Kontant en krediet-/debietkaarte word aanvaar. Tjeks word slegs aanvaar in die geval van organisasies en indien vooraf skriftelik gereël. Toegangsfooie word jaarliks hersien. Toergidse, busbestuurders en twee opvoeders per skoolgroep se toegang is gratis. Versoeke om afslag op toegangsgelde moet vooraf skriftelik gerig word.
2. **Openingstye**: Ma. tot So. 08:00–17:00 (Apr. tot Sep.), 08:00–20:00 (Okt. tot Mrt.). 24 Des. & 31 Des.: 08:00–12:00. Die **hekke** word 'n halfuur voor die tyd gesluit. **Gesluit**: Kersfees (25 Des.) en Nuwejaar (1 Jan.).
3. **Koffiewinkel openingstye**: Ma. tot So. 08:00–17:00 (oop tot laat vir funksies), 31 Des.: 08:00–12:00. **Gesluit**: Oukersdag (24 Des.), Kersfees (25 Des.), en Nuwejaar (1 Jan.).
4. Reg tot toegang word voorbehou. Geen **smouse** word toegelaat nie. Geen **honde** of ander troeteldiere word toegelaat nie. Wapens moet by Ontvangs ingehandig word en mag nie op die terrein gebring word nie.
5. Besoekers besoek die Taalmonument op **eie risiko**. Parkering (binne en buite die terrein) is ook op eie risiko. Die Taalmonument sal nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies, skade of besering wat op die terrein opgedoen word nie.
6. Geen **kinders jonger as 12** jaar word sonder volwasse begeleiding toegelaat nie. Volwassenes bly ten alle tye verantwoordelik vir die veiligheid en optrede van kinders in hul sorg.

**Aktiwiteite:**

7. **Begeleide toere**, aangebied deur die amptelike monumentgids, is gratis en moet verkieslik vooraf bespreek word, aangesien die gids soms nie beskikbaar is nie. **Opvoedkundige toere** moet vooraf by die monumentgids bespreek word en 'n besprekingsvorm moet ingevul word. Ons beveel aan dat leerders die Taalmonument én die Taalmuseum besoek.
8. Eie **piekniekmandjies** word toegelaat, maar slegs in die **openbare piekniekarea, op die grasperk by die Monument**. Vuurmaak en braai (hout/gas) is verbode. Geen tuinmeubels, soos tafels, sambrele, tente en stoele (behalwe opvoustoele), word toegelaat nie.
9. **Geen eie piekniekmandjies**/kos en drank word toegelaat op die **grasperk en tafeltjies langs die parkeerterrein** nie; slegs piekniekmandjies/kos en drank verskaf deur die Taalmonument se koffiewinkel mag op hierdie grasperk genuttig word.
10. Geen kommersiële **fotografie**/verfilming word sonder vooraf toestemming toegelaat nie.
11. Geen **kinderpartytjies** word sonder vooraf toestemming toegelaat nie. Geen springkastele/opslaan-swembaddens/waterglybane of soortgelyke apparaat word toegelaat nie.
12. Geen **troues of neem van troufoto's** word sonder vooraf toestemming toegelaat nie.
13. **Geen skaatsplankry**, **rollemskaats** of **fietsry** (behalwe in aangewese area) word toegelaat nie . Geen fietsry op die *downhill*-bane sonder vooraf toestemming nie.
14. Die **kinderspeelareas, staproetes en *downhill*-bane** word op eie risiko gebruik. Vrywaringsvorms vir die gebruik van staproetes en *downhill*-bane moet by Ontvangs ingevul word.
15. Waarskuwing: **gevaarlike diere**, waaronder slange, spinnekoppe en skerpioene, kom op die terrein van die Taalmonument voor.

**Besoekers mag nie:**

- Enige **plante**, blomme, sade of bome beskadig of verwyder nie.
- Enige **diere** pla, beseer, voer, aanraak, vang of verwyder nie.
- 'n **Radio** of **musiekinstrument** speel of 'n **geraas** maak nie.
- Op die monument, op die dak van enige geboue of in bome **klim** nie.
- In die **fontein** swem nie.
- **Vullis** strooi nie. Plaas vullis in die dromme wat voorsien is of verwyder dit self van die terrein.
- **Sigaretstompies** neergooi nie.
- **Vuurwerke** afskiet nie.

Enige terugvoering sal waardeer word. Terugvoeringsvorms en besoekersvraelyste is by die Koffiewinkel beskikbaar. Besoek gerus www.taalmonument.co.za om op ons e-nuusbrief in te teken.

Pastorielaan 11 Pastorie Avenue Paarl 7646 Posbus / PO Box 498 Paarl 7620
Tel 021 872 3441 Faks / Fax: 021 871 1106 E-pos / E-mail: admin@taalmuseum.co.za **www.taalmuseum.co.za**

**Die Afrikaanse Taalmonument**
**Terms and conditions**
(as on 21 December 2011, subject to change)

Welcome to the Taalmonument. We hope that you will enjoy your visit.
We would like to bring the following terms and conditions to your attention:

**Admission:**

1. **Admission fees/hiking/biking permits** must be paid at Reception. Cash and credit/debit cards are accepted. Cheques are only accepted from organisations on prior written request. Entrance fees are reviewed annually. Tour guides, bus drivers and two teachers per school group enter free. Requests for discount on entrance fees must be made in writing beforehand.
2. **Opening times**: Mon. to Sun. 08:00–17:00 (Apr. to Sep.), 08:00–20:00 (Oct. to Mar.). 24 Dec. & 31 Dec.: 08:00–12:00. The **gates** are closed half an hour before closing time. **Closed**: Christmas (25 Dec.) and New Year's Day (1 Jan.).
3. **Coffee Shop**: Mon. to Sun. 08:00–17:00 (open until late for functions). 31 Dec : 08:00-12:00. **Closed**: Christmas Eve (24 Dec.), Christmas (25 Dec.) and New Year's Day (1 Jan ).
4. Right of admission reserved. **No hawkers allowed.** No **dogs** or other pets allowed. Weapons must be handed in at Reception and may not be brought onto the grounds.
5. Visitors visit the Language Monument at their **own risk**. Parking (inside and outside the grounds) is also at own risk. The Language Monument will not be held responsible for any loss, damage or injury incurred on the grounds.
6. **No children younger than 12** years old are allowed without adult supervision. Adults remain responsible at all times for the safety and conduct of children in their care.

**Activities:**

7. **Guided tours**, offered by the official monument guide, are free and should preferably be booked in advance. **Educational tours** must be booked in advance with the guide and a booking form must be completed. We recommend that learners visit both the Taalmonument and the Taalmuseum.
8. Own picnic baskets are allowed, but only in the **public picnic area, on the lawn below the Monument**. Fires and braais (wood/gas) are prohibited. No garden furniture, like tables, umbrellas, tents and chairs (except folding chairs), are allowed.
9. **No own picnics**/food and drink are allowed on the **lawn or tables next to the parking area**, only picnics/food and drink provided by the Taalmonument's coffee shop may be enjoyed in this area.
10. No commercial **photography**/filming is allowed without prior permission.
11. No **children's parties** are allowed without prior permission. No jumping castles/portable pools/water slides or similar equipment are allowed.
12. No **weddings/wedding photography** are allowed without prior permission.
13. **No skateboarding**, **rollerblading** or **cycling** (except in designated areas) is allowed. No cycling is allowed on the downhill tracks without prior permission.
14. The **children's play areas, hiking trails and downhill tracks** are used at own risk. **Indemnity forms** for use of the hiking trails and downhill tracks must be completed at Reception.
15. Warning: **dangerous animals**, including snakes, spiders and scorpions, are found on the grounds of the Taalmonument.

**Visitors may not:**

- Damage or remove any **plants**, flowers, seeds or trees.
- Bother, injure, feed, touch, catch or remove any **animals**.
- Play a **radio** or **musical instrument**, or make a **noise**.
- **Climb** on the monument or on the roof of any building, or into any trees.
- Swim in the **fountain**.
- **Litter**. Put rubbish in the bins provided or remove it from the grounds yourself.
- Drop any **cigarette butts**.
- Discharge any **fireworks**.

Any feedback will be appreciated. Feedback forms and visitor questionnaires are available at the Coffee Shop. Please visit www.taalmonument.co.za to subscribe to our e-newsletter.